SIZA
SUSTAINABLE AGRICULTURE IN SOUTH AFRICA
NUUS
UITGAWE 3 VOLUME 2 AUGUSTUS 2014

Lidmaatskap..................... 1
BSCI ..................................... 1
Programsiklus........................ 2
Oudit Vereistes...................... 2
Kapasiteitsbou ...................... 3
Etiese Handel Gids................ 5
Omgewingsraamwerk.......... 5
Navrae/Registrasies............ 5

# Lidmaatskap

| | |
|---|---|
| Produsente | 802 |
| Pakhuis | 58 |
| Uitvoerders | 23 |
| Invoerders | 5 |
| Handel/Bedrywe | 14 |
| **TOTAAL:** | **903** |

| | |
|---|---|
| Oos-Kaap | 210 |
| Wes-Kaap | 499 |
| Limpopo | 75 |
| Mpumalanga | 30 |
| Vrystaat | 15 |
| Gauteng | 1 |
| KwaZulu Natal | 12 |
| London(UK) | 3 |
| Noord-Kaap | 51 |
| Noordwes | 5 |
| Nederland | 2 |

# Business Social Compliance Initiative (BSCI) - Erkenning van Siza Standaard en Oudit

Die BSCI het amptelik met SIZA ooreengekom om hulle oudits wat teen die SIZA standaard gedoen is, as ekwivalent van die BSCI oudit vir primêre produksie, te erken. Die meerderheid van Europese groothandelaars wat vrugte aankoop van SA, is lede van die BSCI en is toegewyd om seker te maak hulle verskaffers ondergaan die etiese oudit om nakoming te demonstreer. Die BSCI het ooreengekom dat wedersydse erkenning sal geld waar dit lede sal aanmoedig om nie BSCI oudits te doen waar daar reeds SIZA oudits gedoen is nie. Waar eenhede besig is met die BSCI ouditproses, word SIZA oudits gevra om die betrokke eenhede te vermy. Ons sal voortgaan om die boodskap na alle Europese groothandelaars te kommunikeer in samewerking met BSCI ten einde duplikasie te voorkom.

***Belangrike Inligting***
*BSCI verwag dat verskaffers wat 'n SIZA oudit gedoen het, hulle oudit- en CAP-verslae sal rapporteer en aanstuur na die aankopers, asook na die BSCI sekretariaat. SIZA sal die prosese hulp fasiliteer.*

***Erkenning van SIZA Oudits***
Die BSCI se erkenning van SIZA is 'n baie belangrike mylpaal in die voldoening aan die SIZA beginsels insluitend internasionale erkenning en samewerking, asook nie-duplisering van oudits. SIZA het nog altyd probeer om waarde toe te voeg vir sy lede. In erkenning hiervan, is dit belangrik dat SIZA lede inskryf vir die SIZA verbeterde programsiklus wat insluit, 1) opleiding, 2) self-ondersoek vraelyste, 3) derdeparty etiese oudit en 4) regstellende aksies.




# Verbeterde Programsiklus

## Oudit Vereistes

Ons kry nog steeds heelwat navrae rondom etiese oudit vereistes.

***Wanneer moet 'n eenheid na registrasie sy eerste SIZA oudit kry?***
Nuwe SIZA lede moet probeer om deur 'n volle SIZA verbeteringsprogramsiklus (sien diagram hierbo) binne 12 tot 18 maande na registrasie op die SIZA programme te gaan. Die derdeparty oudits verifieer die inligting in die self-evalueringsvraelys en die ouditverslag is nodig om etiese kwalifisering aan kopers te demonstreer. Onlangse navorsing in die waardeketting van SA uitvoere het aangedui dat in die toekoms sekere vlakke van kwaliteit en volhoubare versekering heel moontlik die basiese terme en voorwaardes van die mark voorsiening gaan raak. Sodra 'n eenheid die etiese oudit voltooi het, beweeg dit na die SIZA Oudit herhalingsiklus (sien asb die Oudit Herhalingstabel hieronder). 'n Eenheid bly 'n SIZA voorwaardelike lid totdat die derdeparty oudit voltooi is (sien die Oudit herhalende tabel onder).

***Oudit Herhalende Tabel***
Sodra 'n eenheid sy eerste SIZA Oudit voltooi het skuif dit in die SIZA Oudit Herhalingsiklus in wat die herhaling van Oudits voorskryf onderhewig aan vereistes soos vervat in die Tabel hieronder. Oudit herhalings word gebasseer op die hoeveelheid nie-kwalifiserings (NC's) wat geïdentifiseer is gedurende 'n oudit en afsluit van die nie-kwalifiserings. Dit is gevolglik baie belangrik dat produsente hulself voorberei deur die self-evalueringsoudit te doen en die SIZA Opleidingsessies by te woon om soedoende die nie-kwalifiserings te identifiseer en die nodige aksies in plek te stel voordat die oudit begin.

| **Risk Category** | **Critical** | **Major** | **Minor** | **Next full audit** |
|---|---|---|---|---|
| D | 1 or more | And/OR >5 | And/OR >30 | This is a high risk category. Next audit is 12 months from date of original audit. |
| C | 0 | 3-5 | And/OR 21 - 30 | Next audit is 12 months from date of previous audit; however the site can move to a B category if it closes out Non-compliances (NCs) in the time frames agreed in the Corrective Action Plan (CAP) Report; if this happens the next full audit is 3 years from the date of original audit.<br><br>If NCs not complete full audit 12 months from date of original audit (eg. original audit in 2013; next full audit 2014) |
| B | 0 | 1-2 | 11-20 | If Non-compliances are completed, next full audit is 3 years from date of original audit.<br><br>If NCs not complete full audit 12 months from date of original audit (eg. original audit in 2013; next full audit 2014) |
| A | 0 | 0 | 0-10 | If Non-compliances are completed next full audit is 5 years from date of original audit.<br>If NCs not complete full audit 12 months from date of original audit (eg. original audit in 2013; next full audit 2014) |

**NOTA**:

**Alhoewel SIZA baie nou saamwerk met die handel en alles moontlik gedoen word om hulle inkoop met die herhalingsiklus van SIZA Oudits te kry, kan SIZA nie die vereistes van die handel ignoreer nie. Kontroleer asb met u aankoper om te bevestig wat die oudit herhalende vereistes is.**

***Moenie nie-kwalifiserings ignoreer nie!***

Eenhede moet opvolg met nie-kwalifiserings- en regstellende aksies binne die ooreengekome tydperke inisieer, want dit gaan lei tot 'n oudit binne die volgende 12 maande. Dit is daarom krities dat eenhede hulle nie-kwalifiseringsaksies binne die gegewe tydsraamwerk moet voltooi. As daar 'n werklike probleem is, kan 'n versoek en motivering vir uitstel by die ouditliggaam ingedien word.

***Wanneer moet 'n eenheid die volgende oudit doen as hy SEDERT November 2012 'n oudit gedoen het (na SIZA se registrasie oopgemaak het)?***

Die volgende oudit van die eenhede sal gebaseer wees op die Oudit Herhalende Tabel en dit hang af van die aantal nie-kwalifiserings wat nog nie afgeteken is nie. Na die finale datum vir voltooiing van die nie-kwalifisering aksies, afhangende of die Korrektiewe Aksie Plan Verslag gedoen is, sal die eenheid 'n sertifikaat kry wat aandui wat sy risikogradering is en wanneer die volgende oudit moet plaasvind.

***Wanneer moet 'n eenheid sy volgende oudit doen as hy VOOR November 2012 'n oudit by SIZA gedoen het (voor die SIZA registrasie oop was).***

Die ouditeur sal 'n oudit in persoon doen om die nie-kwalifisering in die CAP-verslag te bepaal om sodoende 'n berekening te maak van die eenheid se risikogradering. Die eenheid se volgende oudit sal gebaseer wees op die aantal nie-kwalifiserings wat nog nie aangespreek en voltooi is in die CAP-verslag nie en dit is gebaseer op die SIZA oudit herhalende tabel. Die eenheid sal dan in kennis gestel word wanneer hulle volgende oudit moet plaasvind.

***Wanneer moet 'n eenheid die volgende oudit doen as dit 'n ETI/SMETA oudit in 2011 en 2012 gedoen het?***

Eenhede wat 'n ETI/SMETA oudit in 2011 (of die vorige jare) of 2012 gedoen het en nou 'n SIZA lid is, moet die volgende oudit soos volg doen:

- Eenhede geoudit in 2011 sal hulle volgende SIZA oudit in 2014 moet doen
- Eenhede wat geoudit is in 2012 sal hulle volgende SIZA oudit in 2015 moet doen.

***Wanneer moet 'n eenheid sy volgende oudit doen as hy 'n ETI/SMETA oudit in 2013 en 2014 gedoen het.***

Eenhede wat 'n ETI/SMETA Oudit in 2013 en 2014 gedoen het en nie 'n SIZA lid is nie, sal onderhewig wees aan die oudit vereistes van die sisteem en/of die aankoper.

# Kapasiteitsbou

Die SIZA Kapasiteitsbouprogram is reeds in alle provinsies in die land geïmplementeer. Werkswinkels word deur SIZA befonds en is gratis vir alle SIZA-lede.

Die SIZA Etiese handel fasiliteringsopleiding is in 7 provinsies aangebied. 'n Totaal van 47 twee-dag werkswinkels en bewusmakingsessies is vir 762 mense, van wie 249 deelnemers op 'n gemiddelde vlak is en 513 was deelnemers op 'n basiese vlak is, aangebied.

SIZA het die eerste opknappingswerkswinkel vir Opleidings Diensverskaffers gedoen en die monitoring en evaluasie van die werkswinkels is ’n deurlopende proses.

SIZA werkswinkels word vir die volgende twee jaar ten volle deur die IDH en Dept Landbou befonds. Werkswinkels word gefasiliteer deur opgeleide SIZA opleiers. Enig iemand wat belang stel om die kursusse by te woon of so ‘n werkswinkel in hulle areas wil aanbied, kan vir Zaitun Rosenberg kontak by zaitun.rosenberg@gmail.com.

**Toekomstige SIZA werkswinkels**

| | Wes-Kaap | KZN | Limpopo | Mpumalanga | Noord Wes |
|---|---|---|---|---|---|
| Kouebokkeveld | 14 – 28 Aug;<br>30 Sept;<br>15 Oct | | | | |
| Onderberg | | | | 3 / 4 Sept | |
| Citrusdal | 9 / 10 Sept | | | | |
| Nelspruit | | | | 10 / 11 sept | |
| Brits | | | | | 22/ 23 Sept |
| North Coast | | 8/9 Oct | | | |
| Komatipoort | | | | 14/15 Oct | |
| Ramsgate | | 20/21 Oct | | | |
| Eshowe | | 22/23 Oct | | | |
| Barberton | | | | 4 / 5 Nov | |
| Tzaneen | | | 4/5 Nov | | |
| Nelspruit | | | | 6/7 Nov | |
| Nkwaleni | | 12/13 Nov | | | |
| Tulbagh | 3/4 Dec | | | | |
| Swellendam | 10/11 Dec | | | | |

SIZA
SUSTAINABLE AGRICULTURE IN SOUTH AFRICA
CRW

***Wie kan opleiding ontvang?***

Die opleiding is vir SIZA-lede en hulle verteenwoordigers soos MH verteenwoordigers, administrateurs wat verantwoordelik is vir etiese nakoming op ‘n plaas, of mense wat ondersteuning verskaf aan produsente (soos bv arbeidskonsultante, regerings voorligtingsbeamptes, ens). Werkswinkels is ook beskikbaar vir werkers en hulle verteenwoordigers, en verteenwoordiger van die handel, uitvoerders, invoerders en bedryfs assosiasies. Mense wat opleiding ontvang sal Etiese Handelsfasiliteerders genoem word.

***Wat word alles deur die opleiding gedek?***

- Verstaan die SIZA program en sy voordele
- Verantwoordelikhede van die Etiese handel fasiliteerder in die SIZA program
- Verstaan die 8 beginsels van die SIZA standaard
- Korrektiewe aksies en verbeteringsplanne
- Self-evaluerings
- Oudit voorbereidings en prosesse
- Identifiseer en kwantifiseer risiko

**Kursusinhoud kan by elke produsent of deelnemer se behoeftes en vlak aangepas word.**

SIZA sal gedurende 2014 & 2015 saam met opkomende boere in verskeie provinsies werk om hulle by te staan om die Etiese vereistes te implementeer en om toegang na uitvoer en plaaslike markte moontlik te maak.

## Handel Gids vir Werknemers

SIZA het 'n verkorte weergawe van die Etiese Handelshandboek vir Werknemers in verskeie tale voltooi wat insluit: Engels, Afrikaans, Xhosa, Zulu en Sotho. Dit sal op die webtuiste gelaai word.

## Omgewingsraamwerk

SIZA werk saam met "WWF SA" om 'n plaaslike relevante en internasionale erkende omgewingsraamwerk vir die Suid Afrikaanse vrugtebedryf te ontwikkel om omgewingsvriendelike volhoubare vrugteboerdery te ondersteun. Die pilaar komplimenteer die sosiale komponent van volhoubare besigheidspraktyke. Die raamwerk sal deur dieselfde "GSCP" ekwivalensie proses wat die SIZA stand aard onderwerp word en sal beskikbaar wees vir implementering teen die tweede helfde van 2015. Kontak die projekleier Shelly Fuller vir meer inligting – sfuller@wwf.org.za

## Navrae en Siza Registrasies

Vir algemene navrae insluitend registrasies, SAQs en SEDEX, kontak Mariessa Erasmus by die SIZA Hulplyn: 086 11 11 568 of epos na info@siza.co.za.

Om te registreer by SIZA, teken aan op die SIZA webtuiste www.siza.co.za , druk op "Registrasies" en jy sal begelei word na die registrasievorm wat voltooi moet word.